Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

DIE O.B.

Jrg. 9 | Kaapstad, 27 September 1950 | Prys 3d. | No. 45.

# Laertrek Sal Positiewe Stem Moet Laat Hoor

**Die Waarnemende Kommandant-generaal, prof. Dirk van Rooy, doen die volgende oproep in verband met die Uniale Laertrek:**

## Waarnemende Leier Doen Oproep

**Ons derde Uniale Laertrek is aanstaande. Diegenes van ons wat sy twee voorgangers bygewoon het, sal onthou wat so 'n byeenkoms vir hulle en vir ons Beweging in die verlede beteken het. Daarheen het ons in al ons range en uit alle oorde opgetrek; daarvandaan het ons met nuwe geesdrif en 'n verstrekte oortuiging vertrek.**

Die O.B.-stryd bring mee dat ons mekaar van tyd tot tyd ontmoet, nabetragting hou oor die afgelegde weg en ons koers vir die naaste toekoms opnuut aan die hand van ons ideale en van ons volks- en landsomstandighede bepaal.

### TOESTANDE VERANDER

So 'n tyd het nou weer aangebreek. In die tydelike afwesigheid van ons K.G. het die Grootraad en sy U.R. na die beste van hul vermoë die sake en belange van ons Beweging behartig. Van hul rentmeesterskap wil hulle nou verslag doen. **Gewigtige besluite staan geneem te word. Vanaf ons laaste Uniale Laertrek het toestande sowel binne as buite ons Vaderland in sekere opsigte baie verander, en die veranderings was seker nie in alle opsigte vir Suid-Afrika verbeteringe nie. Nog steeds heers daar op internasionale gebied 'n toestand van spanning. Die Kommunisme waarteen die O.B. die eerste was om te waarsku, het met rasse skrede vooruitgegaan en het 'n wêreldbedreiging geword. Suid-Afrika se kleurbeleid word van alle kante skerp aangeval. Wat die huidige betref, verkeer ons op staatsgebied nog onder die dwinglandy van 'n volksvreemde partypolitieke stelsel, en vir die toekoms is die manne aan die roer vir eers blykbaar nog te vind vir 'n Empire-republiek. Die opponerende partye hou hulle in parlement en kongres op wesensgetroue manier nog maar altyd onledig met wedersydse verwyt en beswaddering.**

### DIE TOEKOMS

**Hoe staan die O.B. teenoor dit alles? Wat is die O.B. se spesiale roeping en taak vir vandag en vir die naaste toekoms?** Ons vertrou dat die Laertrek **'n positiewe geluid gaan laat** hoor. Om daardie geluid op te vang, **moet uself daar wees en** moet u u vriende saambring. Onthou die partypolitieke pers hou nie van daardie soort geluid **nie en sal dit weer probeer doodswyg.** U moet self daar wees om deel te neem en om daarna as luidspreker te dien wat met woord en daad die O.B.-geluid tot in elke uithoekie van ons land laat weergalm. Ons het behoeftes aan die Laertrek en die Afrikaanse volk het behoefte aan die boodskap wat alleen die O.B. in hierdie tyd kan bring. Sorg dus dat die Bloemfonteinse Stadsaal weer 'n keer soos in die verlede te klein sal blyk om die O.B.-afgevaardigdes en belangstellendes te bevat.

# Weste Gesaboteer Deur Brittanje

**Brittanje is nog steeds bereid om die Weste ten gunste van die Oosterse Kommunisme te saboteer. So 'n sabotasiepoging is verlede week nog in die V.V.O. gedoen, maar is gelukkig afgewend deur die nugterheid van ander lande se verteenwoordigers.**

Indië het voorgestel dat Kommunistiese Sjina sitting moet kry op die verskillende liggame van die V.V.O. **Hy is hierin ondersteun deur Brittanje en die Skandinawiese lande wat saam met Rusland en sy satelliete vir die voorstel gestem het, terwyl Amerika met die res van die beskaafde wêreld die voorstel bestry het.** Die uitslag was dat die voorstel verwerp is met 33 stemme teen 16.

Brittanje, met sy aantal half-Kommuniste aan bewind, laat dit nie net by politieke sabotasie nie. Tot 'n week of wat gelede is daar nog steeds toegelaat dat belangrike masjinerie wat vir oorlogsproduksie gebruik kan word, na Rusland uitgevoer word. **Nadat die hoof van een van die betrokke fabrieke self die uitvoer veroordeel het wat die Britse regering probeer goedpraat het, is, veral ook op aandrang van Amerika, besluit om die uitvoer te staak.**

### FLOUS AMERIKA

Maar dit is ook nie net Brittanje se eie goed wat na Rusland uitgevoer word nie. Amerika het geruime tyd gelede al die uitvoer van strategiese ware stopgesit. **'n Paar weke gelede egter is in Washington geopenbaar dat Engeland as kanaal dien vir die uitvoer na Rusland van Amerikaanse ware wat nie regstreeks na die Sowjet uitgevoer mag word nie. Dit word na Engeland gestuur wat dit dan heruitvoer na Rusland. In besonder het dit gegaan oor molibdenum — 'n bestanddeel wat gebruik word by die temper van staal — wat deur Brittanje uit Amerika ingevoer en dan na Rusland heruitgevoer word.**

# Offisiere Se Oproep



Mnr. J. F. v. d. Merwe (genl.).



Mnr. H. A. J. du Toit (genl.).



Mnr. Steyn Jordaan (genl.).

**Van verskillende offisiere is oproepe in verband met die groot Uniale laertrek in Bloemfontein op 7 en 8 November ontvang:**

**Mnr. H. A. J. du Toit (generaal), Fouriesburg, O.V.S., skryf:**

Ongeveer vyf jaar gelede het daar 'n sogenaamde vrede gekom, maar eintlik net om voorbereidings te tref vir nuwe massaslagtings. Intussen het die Empire-regering geval en 'n Nasionale regering is aan bewind. Ons in die O.B. het brandwag gestaan in die verwagting dat elkeen sy plig teenoor sy ideaal sal nakom. Die vraag is nou: het ons dit gedoen? Die wat dit nagelaat het, moet dadelik weer in aksie kom en toesien dat sy nuwe ledekaart op datum en die beloofde offers nagekom is.

Op 7 en 8 November hou ons 'n groot Uniale Laertrek in Bloemfontein. Elke Brandwag wat enigsins die vermoë het om daar te wees, moet daarheen optrek sodat ons leiers kan sien ons is waaragtig getrou. Geagte offisiere, bespreek die saak baie ernstig met u afdelings. **Ek het die afgelope drie jaar nooit 'n oproep gedoen nie, daar ek geweet het hoe swaar u geoffer het tydens die oorlogsjare toe ons mense soos wild moes vlug oor die vlaktes en berge, en speurders met dreigemente op die drumpels van ons moeders gelê het.** U het u huis en besigheid alles op die altaar van die Republiek gelê. Ek het geweet u moes dit weer herstel. **Maar ek weet ook dat u vandag nog die soldaat van die Republiek is, en daarom kan ek hierdie beroep op u doen na 'n paar jaar. Die oorlogswolke steek weer op en ons as O.B.'s moet weet wat is ons plig — moet weet wat is ons taak as republikeinse soldate.** Trek dus op na die Laertrek!

## Voortsetting Na Bestemming

**Mnr. J. F. van der Merwe (Generaal), Paul Roux, O.V.S., skryf:**

Brandwag, op u rus die verantwoordelikheid van plig om ons rigting wat ons ingeslaan het in 1938 tydens die Ossewatrek tot die einde deur te voer.

Ons glo aan die plan van Bo om in Suid-Afrika 'n nasie te bou, met eie taal en aard om sy eie identiteit te behou en uit te bou, om sy volkwees te beklemtoon en sy ideaal te verwesenlik.

Kom dan saam in Bloemfontein op 7 en 8 November, offisiere, brandwagte, kamerade en toon aan Suid-Afrika en die res dat ons strewe en stryd sedert 1939 vir ons erns was.

## Ons Ideale

**Mnr. Steyn Jordaan (Generaal), Kroonstad, skryf:**

Op 7 en 8 November gaan ons 'n Uniale laertrek op Bloemfontein hou. Daar sal interessante toesprake en belangrike besprekings wees. Laat ons soos een man optrek, offisiere en manskappe, almal sal welkom wees. Kom lug u gevoelens en laat u stemme hoor. Sodat die buitewêreld kan sien en tot 'n besef kom dat die O.B. 'n sterk en vasberade organisasie is wat sal voortveg vir sy ideale tot die bitterste einde. Moenie toelaat dat Wes-Kaapland en Transvaal in groter getalle daar verteenwoordig sal wees as die Vrystaters nie.

## Nuwe Staatshoof

Dr. E. G. Jansen, Minister van Naturellesake, is deur die Britse koning op advies van die Eerste Minister aangewys as die volgende goewerneur-generaal wanneer die ampstermyn van mnr. G. B. van Zyl aan die einde van die jaar verstryk.

Die benoeming het in wye kringe byval gevind, daar dr. Jansen weens sy speakerskap in die volksraad en voorsitterskap by geleentheid van die twee groot feeste in verband met die Voortrekkermonument, 'n hoë erkenning ontvang het vir sy onpartydigheid.

Mev. Jansen is ook 'n bekende figuur in die politiek, waaraan sy haar in die jongste tyd grootliks onttrek het. In die jare na samesmelting was sy een van die driemanskap wat die Nasionale Party van Transvaal gelei het. Sy was altyd sterk republikeins.

---

**Die oorlog in Korea** het die afgelope week 'n skielike en gunstige wending geneem nadat genl. MacArthur 'n waaghalsige landing by Intjon aan die weskus met welslae deurgevoer en die hoofstad, Seoel, omsingel het. Met die Kommuniste se verbindingslinies afgesny, ruk die V.V.O.-magte tans op uit die suide en word die oorwinning binne enkele maande in vooruitsig gestel — mits Sjina of Rusland nie inmeng nie. Daar is egter tekens dat Rusland begerig is om die vrede te laat herstel.

## V.P. Sal Wette Herroep

**Die Verenigde Party-kongres in Transvaal het verlede week 'n voorstel aangeneem dat die Verenigde Party alle „aanstootlike" wetgewing wat deur die huidige bewind aangeneem is, weer sal herroep wanneer hy aan bewind kom.**

**Met hierdie besluit het die versekerings van V.P.-leiers dat hulle wetgewing gaan herroep, tans ook konstitusionele sanksie van partyweë ontvang.**

**Dit toon hoe gevaarlik en vrugteloos die partypolitiek vir ons land geword het en onderstreep die noodsaaklikheid vir die herstel van die republikeinse volkstaat.**

## Minder Britte Nie Regering Se Skuld

Die Engelse pers wil graag die indruk skep dat die regering doelbewus Britse immigrasie beperk, maar die 1820 Settlers' Association weerspreek hierdie beskuldiging herhaaldelik. **„Die oorsaak van die afname lê glad nie aan die Suid-Afrikaanse kant nie, maar kan gedeeltelik toegeskryf word aan die ongunstige kritiek op Suid-Afrika deur die Britse pers", het majoor Jerrold Wilks, voorsitter van die vereniging, in Kaapstad gesê.**

Hy het daaraan toegevoeg dat daar binnekort weer 'n toename in Britse immigrasie verwag kan word.

## Russe Wyk Na Reguit Taal

Reguit taal uit die mond van Thomas Dewey, goewerneur van New York en Republikeinse kandidaat in die jongste presidentsverkiesing, by geleentheid van 'n eetmaal ter ere van die afgevaardigdes na die V.V.O., het die twee Russiese verteenwoordigers, Andrei Wisjinski en Jakob Malik, van die tafel af laat wegloop. Dewey het gesê dat die Sowjet-unie tien tot vyftien miljoen slawe-arbeiders het wat leef in omstandighede wat daarop neerkom dat hulle dood gemartel word.

Toe die twee Russe die tafel verlaat en uitstap, het Dewey gesê: „Ek moet sê ek voel vereer deur die verwydering van hulle wat die vernietiging van die wêreld beplan."

DIE O.B., WOENSDAG, 27 SEPTEMBER 1950

# Groter Volkseenheid

Na die afsterwe van genl. Smuts het daar heelwat en soms uiteenlopende bespiegelings plaasgevind oor toekomsige ontwikkelings op politieke gebied. Van Engelse kant is daar gewag gemaak van 'n vrees wat by H.N.P.-leiers sou bestaan teen 'n moontlike reoriëntasie, terwyl van die teenoorgestelde kant gewys is op die „oorheersende posisie" waarin dr. Malan verkeer. In sommige kringe skyn die gedagte te bestaan dat met die verdwyning van genl. Smuts die groot strydpunte van die verlede verval het en dat die geleentheid ryp is vir 'n breëre eenheid tussen Afrikaans- en Engelssprekendes — 'n gedagte waarby dr. Malan hom blykbaar in Durban aangesluit het. Die H.N.P.-spreekbuise sien hierdie breëre eenheid blykbaar as 'n toeloop van Engelse kant na die H.N.P., terwyl die Verenigde Party-organe hoop op 'n herskommeling van partye.

**Dat die partypolitieke indeling van die land 'n stadium bereik het waarin die grense onduidelik begin word, is 'n feit wat nie met die dood van genl. Smuts in verband staan nie. Die tekens hiervan het sedert 1948 in die ooglopend begin word toe die twee groot partye weens verskillende faktore digter aan mekaar gedryf is sodat die stryd vir die buitestander al meer kunsmatig begin lyk het.** Reeds kort na 1948 het die Herenigde Party hom ten gunste van deelname aan 'n volgende buitelandse oorlog verklaar, en daarmee het een van die twee belangrikste strydpunte oor buitelandse beleid verdwyn. Kort daarna het dr. Malan na Londen gegaan en by sy terugkoms verklaar dat hy begerig is om binne die Statebond te bly „onder enige omstandighede". Daarmee het die tweede groot beginselverskil ten opsigte van buitelandse beleid verdwyn. Ook ten opsigte van kleiner sakies soos ons houding teenoor die V.V.O. in verband met Suidwes en die Indiër-agitasie het die twee partye uit een mond gepraat, behalwe in sover die amptelike plig van die opposisie ander eise gestel het.

### SEGREGASIE

Waar daar voorheen die indruk bestaan het dat die H.N.P. hom beywer vir algehele segregasie sover dit die naturelle betref, het dr. Malan na die Kerklike Kongres vroeër in die jaar dit baie duidelik gestel dat hy nie meer 'n beleid van algehele skeiding huldig nie, maar een van ekonomiese integrasie met slegs plaaslike woonbuurteskeiding. Dit is die standpunt wat die Verenigde Party later van tyd ingeneem het, sodat ook ten opsigte van hierdie belangrike binnelandse strydpunt 'n grondliggende eenstemmigheid bereik is. Die stryd in die parlement het in die jongste tyd 'n baie gedwonge karakter aangeneem sodat 'n Verenigde Party-spreker op 'n keer die verwyte van die regeringslede moes afweer met die verskoning dat dit die opposisie se plig is om te opponeer en dat hy dus sal opponeer. Die enigste egte klank op die gebied van die Kleurvraagstuk is miskien die stryd oor die politieke verteenwoordiging van nie-blankes. **En in hierdie geval is dit nie soseer beginseloortuiging wat die heftige verskille baar nie, maar die besef dat daar setels en stemme op die spel is.**

### WEDERSYDS

Dit sal nie heeltemal juis wees as van bostaande afgelei sou word dat net die H.N.P. nader na die V.P. beweeg het nie. Op verskillende punte, soos ons aangetoon het, is dit beslis die geval, maar dit is ook waar dat die V.P. nader na die nasionale beginsel beweeg het. Veral die Engelssprekende aanhang van die Verenigde Party het sedert die oorlog 'n sterker Suid-Afrikaanse nasionalisme begin ontwikkel. Dit betaal 'n party dus eintlik nie meer om 'n te anti-Suid-Afrikaanse standpunt in te neem nie.

Die toneel is dus reg vir 'n reoriëntasie op politieke gebied, **maar dit sal 'n baie groot dwaling wees om daarvan af te lei dat daar in die toekoms net een groot party sal wees en dat die opposisieparty sal verdwyn. Hoewel daar geen groot beginselgronde vir die voortbestaan van afsonderlike partye meer mag wees nie, vereis die Britse staatsinrigting van ons land dat daar 'n opposisieparty moet wees, en al sou hierdie party vir die onmiddellike lamgeslaan wees deur die dood van sy groot leier, sal die werking van die parlementêre masjinerie hom geleidelik weer lewe inblaas. Ou strydpunte sal vervang word deur nuwes indien dit nodig word, maar opposisie sal daar gemaak moet word, en op die lang duur begunstig die partypolitieke spel steeds die opposisie of „alternatiewe regering". Geen partybewind is op die duur bestand teen die onverantwoordelike propaganda en ondermyning van die betaalde opposisie nie.**

### NASIONALE GOLF

Daar moet ook nie uit die oog verloor word nie dat die Herenigde Party sedert 1933 hoofsaaklik gegroei het op 'n golf van 'n voortstuwende nasionalisme. **Maar die H.N.P. het in die jongste tyd geneig om die volk onder die indruk te bring dat alle ideale reeds bereik is. 'n Groot deel van hul aanhang glo byvoorbeeld al, soos die Sappe voorheen, dat dit vir Suid-Afrika nuttig is om binne die Britse Statebond te bly. Die gevaar bestaan dat hierdie golf tydelik**

(Vervolg in volgende kolom)

(Vervolg van vorige kolom)

**deur die H.N.P. self omlaag gedruk kan word en dat die besieling wat tot die oorwinning bygedra het, kan verdwyn of verminder.** Dit is ook moontlik dat 'n nuwe opposisie — wat meer nasionaal is, geroepe sal word om die negatiewe funksie van die partypolitieke stelsel te vervul, en verder op die golf sal ry.

**Groter volkseenheid — as dit dit is waarop politieke bespiegelings mik — kan nooit verkry word binne die Britse partystelsel nie. In Engeland het die nederlaag van Churchill deur 'n middelmatige persoonlikheidjie soos Clement Attlee getoon dat groot figure nie 'n vereiste is vir geslaagde opposisieskap nie.**

**Groter volkseenheid kan alleen gedy op die gesonde en positiewe patroon van volksregering, en as daar ooit in ons geskiedenis 'n tydstip aangebreek het waar politieke grensvervaging volksregering moontlik maak, dan is dit vandag. As dr. Malan van sy „oorheersende posisie" gebruik wil maak om hierdie ware grondslag te lê, dan kan hy aan Suid-Afrika 'n diens bewys wat hom met reg aanspraak sal kan laat maak op die ietwat betwisbare hulde wat hom van sommige kant tans toegebring word as die persoon wat „onder Afrikaners groter eenheid geskep het as wat daar sedert 1912 was."**

# Van Die Os Op Die Esel

## Deur Sybrand

### Die Twee Toesprake

Sedert dr. Malan die Eerste Minister geword het, het hy twee belangrike toesprake gehou waardeur hy 'n ernstige agteruitgang van Afrikanernasionalisme aangeteken het.

In die eerste toespraak wat hy verlede jaar in die parlement gehou het, by sy terugkeer uit Londen, het hy die tradisionele republikeinse ideaal van die Afrikaner verloën en 'n Empire-republiek bepleit.

In sy tweede toespraak wat hy verlede week in Durban afgesteek het, het hy myns insiens nog verder gegaan. Hy het die hele verlede van die Afrikaner doodgeverf.

Ek keur dit af.

Ek weet dat die propaganda van dr. Malan se party verklaar dat alle Afrikaners wat dit waag om die Eerste Minister te kritiseer „nie goeie Afrikaners is nie." Dis bog.

Ek beweer dat geen „goeie Afrikaner" mag saamstem met die Durbanse uitlating van dr. Malan oor sy volk se verlede nie. En ek gaan my redes hieronder noem.

### ‚Die Dooie Verlede'

Die belangrike konsiliasietoespraak wat dr. Malan verlede week in Durban gehou het, het hyself beskryf as 'n „praatjie van hart tot hart" wat hy rig aan alle Suid-Afrikaners, maar veral „tot die Engelssprekende Suid-Afrikaners". In sy praatjie het dr. Malan o.m. gesê:

> „Die verlede kan sekerlik heldedade en lesse bevat wat ons slegs tot ons skande en geestelike verlies kan ignoreer of vergeet, **maar owerigens kan dit wel aan die dooie verlede gelaat word om sy dooies te begrawe."**

Met hierdie uitspraak oor die geskiedenis van ons volk kan ek hoegenaamd nie saamstem nie. Trouens ek is diep geskok deur hierdie woorde van dr. Malan.

Die geskiedenis van my volk is vir my nie „die dooie verlede" nie en ek weier beslis om die ontslape helde van my volk „te begrawe". 'n Volk wat sy verlede doodverf en sy helde begrawe kan nie lewe nie. Die verlede van elke volk bevat 'n besondere boodskap vir daardie volk: trouens, dit is die rigsnoer van daardie volk se toekoms. En sodra 'n volk sy rigsnoer prysgee verdwaal hy.

### Anti-Britse Gevoel is 'n ‚Vlek'

Maar wat is dan die verlede van ons volk wat dr. Malan „dood" noem en wie se „dooies" hy nou wil begrawe? **Die verlede van ons volk is die heldhaftige en volgehoue republikeinse stryd vir vryheid en teen oorheersing deur die Britse Empire.**

En hierdie verlede wil dr. Malan nou begrawe omdat „republikanisme ten gevolge van die Londense deklarasie van verlede jaar ontdoen is van elke vlek van anti-Britse gevoel". Dit is die Eerste Minister se woorde. **En daarom is die republikeinse verlede van ons volk wat 'n anti-Empire stryd verteenwoordig, „dood" en moet die republikeinse helde van die verlede wat teen die Empire geveg het „begrawe" word.** Want, volgens dr. Malan, is die republikeine van vandag en môre pro-Brits!

**Dit beteken dat die republikein Christiaan de Wet wat teen die Empire geveg het, begrawe moet word. Net die „held" De Wet mag onthou word. Hy moet egter eers ontdoen word van sy nasionaal-historiese betekenis en dan gelykgemaak word met „helde" soos Dick King, Adam Tas, Stan Jameson, George Washington, Leonidas van die Grieke en ander. Dan is hy 'n onpersoonlike „held" aan wie selfs die Empire nie aanstoot hoef te neem nie!**

Dit is wat ek sien in dr. Malan se uitlating.

In 1912 het genls. Botha en Smuts 'n konsiliasie-rigting ingeslaan. Vir meer as dertig jaar het dr. Malan daardie rigting bestry. Nou bepleit hy dit in Durban. Wil dr. Malan daarmee te kenne gee dat genls. Botha en Smuts al die jare lank reg was?

### Die Volk het dit nie Verdien nie

Die Afrikanervolk het dr. Malan verhef tot Eerste Minister van Suid-Afrika en die Afrikanervolk het duisende ponde gestort om daardie magtige pers op te bou wat vandag dr. Malan se party bedien.

Nou is my ernstige vraag aan dr. Malan: Het die Afrikanervolk verdien om uit u mond te verneem dat hul geskiedenis „'n dooie verlede is" en dat hul republikeinse helde „dooies" is wat „begrawe" moet word?

En aan die magtige pers wat dr. Malan ondersteun wil ek vra: Het julle nie kort gelede nog daarvoor gepleit nie dat 10 Oktober 'n openbare vakansiedag moet wees waarop Afrikaners die boodskap kan aanhoor wat spreek uit die stryd en strewe van hul ontslape helde? Gaan julle nou, sonder om te blik of te bloos, saamstem met dr. Malan en vir jul lesers vertel dat „die dooie verlede sy dooies moet begrawe."

### Vir die Fabrieke daar Oorkant

Mnr. A. L. de Jong van Robertson skryf dat „die minister van verdediging aan die kongres van Kaaplandse Afdelingsrade op Kimberley gesê het: Die mangaanbronne van Postmasburg is die rykste in die wêreld. Die Mangaan word verskaf aan Amerika en Brittanje wat dit self nie het nie. In 1937 het ek mangaan in Durban sien inlaai vir Calais; dus Frankryk het dit ook nie. Die ertsstof het na Durban gekom direk van Postmasburg, ongesuiwerd. In 1950 het dit nog ongesuiwerd daar aangekom volgens 'n ander ooggetuie. En tog het die Minister aan die genoemde Kongres verklaar: As yster-mangaan in die Unie vervaardig word, sal die uitvoerwaarde met 'n paar miljoen pond verhoog kan word. Dit word egter nie gedoen nie. Hierdie feit het die betekenis dat die grondstof onnodig baie spoortrokke sowel as onnodige ruimte in die skepe in beslag neem; en boonop gee dit met die suiweringsproses aan oorsese arbeid die verdienstes, nie aan ons eie mense nie.

Wat ek graag wil weet is hoekom ons toelaat dat die vet van ons wol in Amerika en Europa uitgewas word? Hoekom ons genoemde lande toelaat om die vet in seep en ander newe-produkte om te sit? Hou ons nog vas aan die ou idee: ons grondstowwe moet uitgevoer word om fabrieke daar oorkant aan die gang te hou?

My leser het 'n interessante saak van fundamentele belang aangeroer. Die antwoord op sy „hoekoms" is dat Suid-Afrika 'n kapitalistiese instede van 'n volksorgstaat is. As dit vir die kapitalis meer winsgewend is om ystermangaan in die Unie te laat vervaardig sal die nodige fabrieke gou opgerig word. Maar as dit beter betaal, of in belang van 'n internasionale monopolie is, om die grondstof uit te voer en in die buiteland te laat verwerk sal my leser nog baie lank moet aanskou hoe die mangaanerts in Durban verskeep word. Vir die kapitalisme is winste baie belangriker as die nywerheidsontwikkeling van ons land; as die vooruitgang van Postmasburg; of as die verdienste van ons land se werkers.

Daarom verlang ek na 'n volksorgstaat.

### Die Nooi en die Sotheid

'n Jongnooi uit Beaufort-Wes, mej. E. van Aarde, vestig my aandag op 'n brief wat onlangs in die korrespondensie-kolomme van 'n groot koerant verskyn het. My leseres is geskok oor die „blindheid" van die briefskrywer wat glo dat die „eenwording van die Afrikanervolk" bewerkstellig kan word deur aansluiting by die Herenigde Nasionale Party en sy is verontwaardig oor die „vermetelheid" van dieselfde briefskrywer wat lede van die Afrikanerparty van ondankbaarheid beskuldig omdat hulle nie hul party wil ontbind nie sodat hulle kan aansluit by die H.N.P. „aan wie se steun die A.P. sy paar setels in die Volksraad te danke het."

My leseres herinner daaraan dat die wyse Salomo eeue gelede gesê het dat 'n mens nie 'n sot op sy sotheid moet antwoord nie. Tog vra sy wat ek van die briefskrywer se blindheid en vermetelheid dink. Ek stem volkome saam met Salomo.

*'n Eie Suid-Afrikaanse Staatstelsel.*

# KRUGER SE LAASTE WENS WAG NOG OP VERVULLING

Deur A. J. van Rooy

**DIE TWEEDE VOLKSRAAD**

**In sy bekende laaste boodskap het Paul Kruger o.m. soos volg geskrywe: „Want wie zich een toekomst scheppen wil, mag het verledene niet uit het oog verliezen . . . . Het is waar: veel van wat was opgebouwd, is tans vernietigd, vernield, gevallen. Doch met eenheid van zin en eenheid van krachten, kan weer worden opgericht wat thans daar nederligt."**

**Dit is nou byna vyftig jaar sedert president Kruger op 29 Junie 1904 hierdie boodskap geskrywe het — 'n boodskap van hoop en geloofsvertroue. Sedert daardie tyd is baie weer opgebou wat vernield was. Die verwoeste dorpe en plase is herstel, maar die staat van Paul Kruger is nog nie weer herstel nie. Ons het uit die verlede en die hede van Engeland geneem alles wat na 'n staatstelsel lyk en iets anders opgerig as wat in 1904 nog „daar nederligt."**

Laat ons, wanneer ons op 10 Oktober weer Krugerdag vier, van die geleentheid gebruik maak om dieper in te gaan op die staatsbeskouing van Paul Kruger en kyk of ons nie in die toekoms 'n staatsgebou kan oprig op die fondamente wat deur hom gelê is nie. **„Maar die bitterheid zal worden verzacht, zoolang ik de overtuiging mag blijven koesteren dat het eenmaal aangevangen werk wordt voortgeset. Want, dan houden wij staande de hoop en de verwachting dat het einde van dat werk goed zal wezen."**

**SY WERK**

**Die belangrikste werk wat President Kruger gelewer het op konstitusionele gebied is beliggaam in Wet Nr. 4 van 1890 wat op 'n herskepping van die grondwet neergekom het.** In die vervolg sou die wetgewende gesag uit twee liggame bestaan nl. 'n Eerste Volksraad, wat die funksies van die bestaande Volksraad sou behou en 'n Tweede Volksraad wat hoofsaaklik met die behartiging van die nywerheids- en mynwese belas sou wees.

**Die belangrikheid van hierdie Tweede Volksraad van die Zuid-Afrikaansche Republiek is in die verlede nog altyd onderskat.** Gewoonlik word dit behandel as 'n onderafdeling van die stemvraagstuk van die Zuid-Afrikaansche Republiek, en dan opsy gestoot as synde 'n historiese mislukking, aangesien die stemregvraagstuk nie daardeur opgelos is nie. As 'n mens egter in gedagte hou dat een van die hoofskreeuers om die stemreg, nl. Lionel Philips op 16 Junie in 1891 die volgende aan Beit in Londen geskrywe het, nl. „I may state here, as you are naturally aware, I cherish no desire for political rights, and I believe that the population, taken as a whole, is not ambitious in this respect", dit heeltemal onbillik was om van die Tweede Volksraad te verwag dat dit hierdie grootliks kunsmatige stemregvraagstuk moes oplos.

**EKONOMIESE ONTWIKKELING**

Maar laat ons 'n bietjie hierdie instelling op sigself beskou, d.w.s. los van die stemregkwessie.

„Die ontdekking van goud op die Witwatersrand het verreikende gevolge vir die jong Transvaalse staat ingehou — nie net wat die snelle ontwikkeling van sy ekonomiese- en bedryfslewe betref het nie, maar ook in verband met sy administratiewe stelsel, wat spoedig ernstige leemtes ten opsigte van die toenemende progressiwiteit vertoon het" (Dr. M. J. Hugo).

Waar die Z.A.R. vroeër 'n byna uitsluitelike landelike bevolking gehad het, met hulle volksraad, wat ook maar grotendeels uit boere bestaan het, het daar nou meteens ook 'n nywerheidsbevolking en nywerheidsprobleme te voorskyn gekom. **Nywerheidswetgewing het nodig geword en die administrasie van die republiek was nie behoorlik daarvoor ingerig nie.** Die gevolg was onmiddellik 'n agitasie om verteenwoordiging in die landsbestuur om sake te help regmaak — iets wat die gevestigde bevolking natuurlik maar skrikkerig was om toe te staan.

**DIE VRAAGSTUK**

Die regering van die Z.A.R. het in 'n dilemma beland. Aan die een kant was dit duidelik dat hulle nie oor die nodige kennis en ervaring beskik het om voorsiening te maak vir die probleme wat deur die mynbou geskep is nie — m.a.w. die spesifiek nywerheidswetgewing wat vereis is. Dit was ook duidelik dat die instromende mynbevolking wel seggenskap toekom in sake waarvan hulle beslis meer geweet het as die Volksraad. Aan die ander kant was die Boere maar skrikkerig vir die geweldige instroming van nuwe bevolking en wou hulle nie te veel mag in die hande laat kry nie, en ook nie sonder meer in die Volksraad toelaat nie.

**HERVORMING NODIG**

**President Kruger het die twee kante van die saak goed ingesien en het besef dat die tyd vir hervorming van die grondwet om aan te pas by die nuwe omstandighede aangebreek het.**

In 1886 reeds het die delwersbevolking van Barberton hulle stem insake verteenwoordiging in die landsbestuur laat hoor en in 1889 het die Staatspresident na vore gekom met sy voorstel vir die instelling van 'n Tweede Volksraad wat hy as 'n moontlike oplossing vir die kwessie van uitlanderverteenwoordiging beskou het.

Dit word aangeneem dat Paul Kruger self hierdie skema ontwerp het — dat dit die vrug was van sy vindingrykheid. Hy het heelwat teenkanting ondervind, selfs van die Staatsekretaris, dr. Leyds, die Voorsitter van die Volksraad, die heer B. A. Kloppers en ook van Schalk Burger. Die wet is egter aangeneem en het bepaal dat daar in die vervolg 'n Eerste en 'n Tweede Volksraad sou wees. Die aantal lede sou dieselfde vir altwee Rade wees, nl. 24 elk, maar die Eerste Volksraad

(vervolg in volgende kolom)

(vervolg van vorige kolom)

sou met die hoogste gesag beklee word. Verder kon 'n immigrant veel gouer stem vir die Tweede Volksraad en daar sitting hê.

**WERKSAAMHEDE**

**Die werksaamhede van die Tweede Volksraad het die volgende behels: die mynwese; weë; poswese; telegraaf- en telefoonwese; beskerming van uitvindings; monsters en fabrieksmerke; beskerming van outeursreg; die eksploïtasie en onderhoud van soutpanne; bestryding van besmetlike siektes; die toestand, die regte en regstigtinge van maatskappye; insolvensie; kriminele en siviele prosedure en ander verdere sake wat die Eerste Volksraad aan hulle mag opdra.**

Volgende week sal ons nader daarop ingaan hoe die Tweede Volksraad kom van sy taak gekwyt het.

## PRIVATE LENING VAN JODE

Die staat Israel hoop om van 'n groep Amerikaanse Jode 'n private lening van £357,000,000 te verkry vir doeleindes van immigrasie en ontwikkeling van nedersettings in Palestina. Ongeveer 'n derde van die geld sal aangewend word vir die omskepping van die Negeb-woestyn in 'n vrugbare landstreek. Daar word gemeen dat die onderneming na dertig jaar voltooi sal wees.

# Adv. Pirow Verwag Breuk

**In sy jongste nuusbrief maak mnr. Pirow gewag van 'n moontlike „onherstelbare breuk" wat daar kan kom tussen die H.N.P. en die Afrikanerparty as gevolg van die verkiesingsuitslag in Suidwes en omdat die afskaffing van die naturelle-verteenwoordiging en die beperking van die Kleurling-stemreg „vir die Nasionale Party as sodanig 'n lewenskwessie is."**

„Vir die Afrikanerparty sal dit lonend wees om aan die bondgenootskap so gou as moontlik 'n einde te maak voor hulle te ver vereenselwig word met die huidige regering se negatiewe beleid. Daar is vandag ruimte vir 'n nuwe politieke party wat hom uitsluitlik aan konstruktiewe werk sal wy, en die Afrikanerparty is die aangewese liggaam om hierdie nuwe wending aan die gang te sit. Maar dan moet hulle nie te diep met die huidige bewind gekompromitteer wees nie. Aan die ander kant sal 'n bietjie uitstel ook nie veel kwaad veroorsaak nie, want die Afrikanerparty sal tog deur 'n breër en doeltreffender beweging moet vervang word."

Mnr. Pirow se slotsom is dat daar geen kans vir die Sappe is om binne afsienbare tyd aan bewind te kom nie, dat die samewerking tussen die H.N.P. en Afrikanerparty binne twaalf maande sy einde sal bereik en dat daar uit die volk self 'n beweging sal moet kom „wat die Hertzog-gedagtes soos dit in 1939 besig was om te ontwikkel, sal aanvaar en in die gees van die Twintigste Eeu sal uitbou. Daarmee sal ons sonder meer an die rassebeleid van die twee groot partye vaarwel sê en 'n werklik nasionale basis van samewerking vind."

# Reuse-Beesplaas In Kalahari Beoog

**Die uiteindelike omskepping van die Kalahari tot 'n groot vleisproduserende gebied vorm deel van die oogmerke van 'n reuse-skema wat tans deur die Britse regering in Betsjoeanaland van stapel gestuur word.**


Die onmiddellike doel is om in die protektoraat twee groot beesplase te ontwikkel waarvan die een met 15,000 vierkante myl die grootste beesplaas in die wêreld sal wees. Hiermee sal aanstaande maand reeds 'n begin gemaak word. Daarmee hang saam die inrigting van 'n groot slagplaas teen 'n koste van £500,000 sodat die bemarking van die vleis vergemaklik sal word.

Die ontwikkeling van die gebied staan onder die Colonial Development Corporation wat, behalwe nog 'n plaas in die suide waar 50,000 beeste aangehou sal word, ook 'n landbouplan het vir 'n streek vrugbare grond van 2 miljoen acres in die noorde.

**Volgens die Cape Times berig, het ondersoek aan die lig gebring dat die Kalahari in werkheid nie 'n woestyn is nie, maar 'n vrugbare weiveld wat slegs deur periodieke tekort aan water onbewoonbaar gemaak word. Boortoetse het egter getoon dat nege uit elke tien boorgate water lewer, en dit maak die uitvoering van die plan moontlik.**


*DIE VERBAND WAS HOOG . . .*

**Sou sy die huis behou?**



Fanie en Rina het elke moontlike pennie gespaar om daardie verband op hul huis afbetaal te kry—van menige plesiertjies afgesien om hul kinders 'n ware tuiste te kan gee. Alles het goed gegaan; nog 'n paar jaar en die huis sou hul eie wees.

En toe oorval die noodlot hulle—Rina is alleen agtergelaat—'n jong weduwee met kinders om voor te sorg, groot te maak en op te voed. Nou moes *sy* sorg dat hulle 'n tuiste sou hê.

Gelukkig het Fanie vroegtydig rekening gehou met al sy verpligtinge. Hy het nie net gesorg vir genoeg assuransie op sy eie lewe nie; hy het ook die *verband* op die huis verseker . . . .

**Daar is altyd uitkoms by Sanlam!**

**● Sê nou, so iets sou ook met U gebeur? Sou U gesinnetjie hulle tuiste behou, of sou hulle maar iewers in 'n losieshuis of onder 'n vreemde dak, van maand tot maand moet klaarkom? Vra VANDAG hoedat Sanlam u gesin se tuiste kan beskerm.**

●

**Suid-Afrikaanse Nasionale Lewensassuransie-Mpy. Bpk.**

*Hoofkantoor:*
Waalstraat 28, Kaapstad.
Takke en Agentskappe Oral.

SANLAM

**Sanlam, Afdeling 17a, Posbus 660, Kaapstad.**

*Laat my asb. dadelik weet hoe ek kan voorsorg tref dat my huis se verband afbetaal word indien ek nie meer daar sou wees nie.*

NAAM: ..............................................

ADRES: ..............................................

*Beroep:*............... *Ouderdom volgende Verjaarsdag:*....... SI

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande.** Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

### BEESTE

**Te koop. Jersey koeie en verse:** Skakel 6811, Wellington. **Telegrafeer Du Toit, Malanstasie.** 19/7/13B

### TE KOOP: POTCHEFSTROOM PLOTTE

10 — 25 morge. Sagte vrugbare grond. Sterk water. 3 — 5 Myl van poskantoor. Aan groot pad. Busroete. Goeie marke. Beste skole. Goeie toekoms. Raadpleeg **G. A. Liebenberg, Kerkstraat 53, Foon 1119, Potchefstroom.** 27/9/4

### GRYSHARE

**GRYSHARE,** skilfers, ou voorkoms, onnodig. Oortuig u self deur **GRYSHAARWONDER** die jongste kunsmatige wêreldwonder, haar en kopvel voedingsmiddel te gebruik, skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel, geld met bestelling.—**Boeregeneesmiddels.** Posbus 4272, Johannesburg. D/1/9/49



**Besien Suid-Afrika—**

beskerm deur

'n Motorpolis by



**SANTAM**

SUID-AFRIKAANSE NASIONALE TRUST EN ASSURANSIE MPY., BPK.

Takke en Agentskappe Oral

2808-12a

**Antigrys herstel gryshare** en baard tot natuurlike kleur. Geen kleurstof. Verwyder skilfers, laat hare groei, ens. Gewaarborg of geld terug. 5/6 Per bottel, posvry. Kontant met bestelling. **Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** E14/6/50

### MEDISYNE

**GESONDHEID** is u regmatige erfenis, oortuig u self deur ons behandelings te gebruik en u kwaal te ontwortel, skryf, inligting gratis, **Boeregeneesmiddels,** Posbus 4272, Johannesburg. B/1/9/49

**Duisende is reeds van hulle kwale bevry.** Talle vind daagliks baat. Waarom sal u langer ly. Skryf dadelik, raadpleeg **Die Boerevrou,** Bus 7559. Johannesburg. (Nr. 3) 1/9/49

### MARK AGENTE

**Kamerade Aandag!** As julle miskien 'n ander agent ondersteun het voordat ek begin het, kan julle mos darem so af en toe julle besendings deel, of hoe? Merk julle besendings **Bellingan, U.T.H.,** die Spoorweë verkies dit so. Plaas julle bestellings vir vrugtebome vroegtydig by **Sunrise Nurseries, Posbus 4 Nuweplaas.** 19/4/TK

### TE KOOP

**Patatranke.**—Eersteklas sesmaande teen 7/- per 80 pond sak. Goeie behandeling gewaarborg.—**G. S. Terblanche, Pos Gannakraal, Dist. Mosselbaai.** 6/9/8

### VAN'S CONCRETE PRODUCTS (EDMS.) BEPERK

**Direkteure:**
P. W. J. van Heerden.
P. G. van Heerden.
Potgieterstraat 258,
h/v Pretoriusstraat,
PRETORIA.

Teëls (Vloer en Muur), Kombuisopwasbakke (Terrazo en Vleklose staal), Vuurherde, Septiese eenhede vir gesondheid, Pilare, Wasvate, Bouers- en Loodgietersbenodigdhede, Staalrame, Verf, ens. 3/5/T.K.

### MEUBELS

**MEUBELS.—** Beter meubels teen billiker pryse Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. **—VISSER-MEUBELS,** Langstraat 179, Kaapstad. 3/12/11

### RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, **PAROW,** verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435

## Was U Ook By Die Ossewaens?

- **Het u ook gevoel hoe dit smaak wanneer Afrikaners saam verkeer as VOLKSGENOTE in plaas van PARTY-GENOTE?**
- **Het u ook gesien tot watter hoogtes ons volk in staat is wanneer hy die verlammende en verstikkende partypolitiek opsy skuif?**
- **Het u ook die bloed in u are voel bruis by die besef dat u besig is met iets wat aan u vaders behoort het?**
- **Wil u graag hierdie toestand laat terugkeer en dit vir die toekoms bestendig?**
- **Dan moet u ywer vir die herstel van die Afrikaner se EIE STAATSTELSEL op die grondslae deur ons vaders gelê.**
- **Daarmee kan u help deur nog 'n leser van DIE O.B. te wen.**
- **As elke leser nog een nuwe hierdie week bybring, is u krag aanstaande week verdubbel!**

### *Intekenvorm*

*Neem asseblief my naam op as intekenaar op „Die O.B." tot ek u in kennis stel om toesending te staak.*

*Hierby ingesluit vind u die bedrag van*..........................

..............................*vir die eerste*..........................*maande.*

*NAAM*..........................................................
(Naam en Adres in Blokletters)

*POSADRES*..........................................................

..........................................................

..........................................................

..........................................................
*Handtekening.*

Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/3 per halfjaar.

Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.

# STAATSBEPLANNING NODIG VIR ONS NYWERHEDE

Ek raak al skaam om my naam so dikwels bo my insendings te sien. Daar ek 'n sterretjie is wat met die grootste politieke teleskoop nie raak gesien kan word nie, is dit nogal vermetel van my om my beskeie menings aan u te rig. Dit geskied omdat ek sedert 1908 gebots het met die ekonomiese beleide, wat my in die binneland 'n swaar bestaan laat voer het. Ek wou al na 'n hawestad getrek het, maar dan het die een of ander beleidsmening oor die gewenstheid en noodsaaklikheid om te desentraliseer, of die toestaan van 'n staats-subsidie om binnelandse nywerhede op die been te hou of te bring, of 'n verklaring aangaande maatskaplike beplanning my verhinder. Hierdie aanhef dien om my te verweer teen opvattings en gesegdes as sou ek pogings aanwend om die staatsbeheer in diskrediet te bring oor die wegbly van behoorlike arbeidsvergoeding en lewensduurtetoeslae.

Ek dink dat ek die volste reg het om uit te wei oor toestande wat ons mense laat wegtrek na die groot stede, om daarheen te gaan waar georganiseerde liggame 'n bestaan verseker. In 1944 moes ek as Voorsitter van die plaaslike Kamer van Koophandel bewerkstellig om die Loonwet in te roep ter beskerming van winkelklerke. Ek het daarin geslaag om die steun van werkgewers te kry, nadat die Blanke Werkersbond gefaal het om 'n Unie vir die Werknemers te stig. Dit het 18 maande geduur voordat die Loonraad handelend opgetree het en nog twaalf maande het verloop voordat maatreëls, waarop deur 'n Konferensie besluit was, toegepas was.

Ek het rede gehad om politieke leiers te waarsku teen die gevaar, dat verontregtes wegval as lede om te wag op 'n Afrikaanse georiënteerde Arbeidersparty of om losstemmendes te word.

### WAGTEND

Ons het twee soorte armblankes: die wat niks anders sal wees nie en hulle wat die Kinders van die omstandigheid is en ly omdat Staatsbeplanning ontbreek, en wat steeds wagtende bly op bestaansbeveiliging. Ons, binnelanders, gryp nie na ekonomiese wapens nie; ons kyk na die oë van ons werkgewers. Toe hulle in die jongste sitting van die Volksraad wetgewing verwag wat peil sou trek op toereikende lewensduurtetoeslae (l.d.t.), is aangekondig dat die minister in die reses aanmoedigende lone gaan beplan. Aanmoedigende lone kan nie berus op goedgesindheid van die werkgewer nie, want die meerderheid van die mensdom stem saam met die Kaïn-stelling: Is ek my broer se hoeder?

As werkgewer en werknemer saam beraadslaag kragtens die nywerheidsversoeningswet (n.v.w.) om minimumlone en werkskondisies neer te lê, dan sal ons die naaste aan 'n Utopia kom. Om die Loonwet in te roep is die onaangename daad van die werknemer.

### GOEIE HOEDANIGHEDE

Dit kom my voor dat die Staat die goeie hoedanighede van die N.V.W. nog nie ingesien het nie, want selfs 'n leier van die Blanke Werkersbond het dit afgekeur; op watter grondslae weet ek nie. As die raadgewer self aan die hoof gestaan of werksaam gewees het in 'n hoogloonnywerheid sou hy anders gedink het.

'n Groot Nywerheidsafdeling, wat op haas elke dorp van aansien 'n vertakking het, tree kragtens die N.V.W. op. Die vak deel sy werkkragte in as tegnici, assistente en arbeiders. Die standaardloon is bv. £5/19/6 vir Kaapstad en £5/14/6 vir Stellenbosch met 1939 as basis. Alles wat meer verdien word, staan bekend as lewensduurtetoeslag (l.d.t.) volgens indekssyfers van die Raad van Statistiek. Met ieder indeksstyging van 20 punte groei die tegnikus se l.d.t. met 2/6 in die week, en sodoende het l.d.t. reeds al 'n 30/32 keer gestyg, om en naby £4 in die week. Ingeval lewenskoste sou daal dan sak l.d.t., sonder geweldpleging maar by voorafaangegane oorleg 20-puntegewyse.

### STYGINGS

Kragtens die Loonraadreëling klim l.d.t. wanneer hulle daaraan dink dat dit goed sal wees om weer 'n slaggie tegemoetkomend te wees. In bedrywe soos motorwerktuigkunde, winkels en kantore — kantore anders as twee van ons bankinstellings — was die l.d.t-aanwas tot Maart 1948 10/- in die week of £3/18/- in die maand sedert £1/2/- in die week of £4/15/4 in die maand. Die standaardloon vir die motorwerktuigkundige is £5/10/- op

## *Soos Ons Lesers Dit Sien*

seker gegroepeerde dorpe en plus l.d.t. is die gesamentlike vergoeding £6/12/- teenoor £9/14/6 vir die vakkundige van voornoemde Stellenbosch se N.V.W.-bedryf. Dit weet die mense wat onder Loonwette val, daarvandaan die billike verontwaardiging met die stelling: eet ons nie net so duur uit die winkel, slaghuis, bakkery en viswinkel nie?

Ek dink ons Staat sal weldoen om die N.V.W.-stelsel aan te moedig en nie die verwagting te koester dat 'n pleidooi vir aanmoedigende lone 'n heilsame uitwerking sal hê nie. In 'n volgende bydraag tot u meningskolomme sal ek wys op die diskriminasies wat ten opsigte van die N.V.W.-beheerstelsel toegepas word.

# Boontjie Met Spek Opgestop ?

'n Reusagtige boontjiestoel wat peule van vier voet lank en 31 pond gewig dra en reeds hoër as 50 voet teen 'n populierboom opgerank het, groei in die agterplaas van 'n Amerikaanse tuinier in Pittsburg, volgens 'n berig van Sapa United Press. Die tuinier, Otto Sheu, verklaar dat hy die saadjie van 'n vriend uit die Midde-Ooste ontvang het wat aan hom gesê het dat dit afkomstig is uit die graf van 'n Egiptiese koning. Ranke van twee duim dik het eers twee perksebome platgedruk voordat dit teen die populierboom begin oprank het. Die stoel groei nog steeds en die eerste boontjie is onlangs deur die tuinier en sy vriende geëet. Dit was gedeeltelik met vleis en eiers opgestop.

# Gryshempleier In Diens Van H.N.P.

Mnr. Louis Weichardt, voormalige leier van die Gryshemde, is deur die H.N.P. aangestel as die Uniale organiseerder van die party. In besonder is aan hom die taak opgedra om Natal te organiseer. Aan 'n korrespondent van die Cape Times het mnr. Weichardt gesê dat hom die betrekking aangebied is toe sy partykongres in Junie hierdie jaar besluit het om te ontbind.

# *Naturelle Tree Toe Tot Handel*

**'n Naturelle-groothandelsmaatskappy is verlede maand in Johannesburg gestig. Die kapitaal van £25,000 is byeengebring deur naturelle alleen, en die sewe direkteure is ook naturelle. Die doel van die maatskappy is om handel te dryf in naturelle-dorpe aan die Rand.**

**As in gedagte gehou word dat die Afrikaner sy agterstand in die handel 'n vyftien jaar gelede beskou het as een van die swak skakels in sy stryd tot nasionale selfstandigwording, is hierdie aankondiging van 'n naturelle-maatskappy nie sonder betekenis nie.**

# Stemme Gaan Op Teen Unie-Vlag

**Blyke van ontevredenheid met die Unie-vlag is die afgelope week geopenbaar toe 'n beskrywingspunt voor die Natalse kongres van die H.N.P. gelê is wat versoek dat die tyd aangebreek het dat die Unie 'n eie landsvlag moet kry.**

Inmiddels was daar ook korrespondensie in Die Burger waarin gepleit is vir 'n meer Suid-Afrikaanse ontwerp. 'n Leser het voorgestel dat daar 'n Springbok op die vlag moet kom, terwyl 'n ander van hom verskil en gepleit het vir herstel van die Vierkleur met vervanging van die rooi deur 'n oranje strook. Dit sal die provinsiale kleur daaraan verwyder en dit 'n ware landsvlag maak. Ons moenie vergeet dat die Vierkleur met trane by Vereeniging afgestaan is nie, en waar ons vandag weer besig is om ons volksvryheid te herwin, moet daar weer 'n Vierkleur waai van die Kaap tot in Transvaal, aldus die briefskrywer.

### DR. MALAN

Dr. Malan het egter in antwoord op die beskrywingspunt in Durban 'n pleidooi gelewer vir die bestaande Unie-vlag met sy kompromis-ontwerp in die middel. „Behalwe vir wat in die middel is, is dit die eerste vlag wat oor Suid-Afrika gewaai het," het dr. Malan gesê. Die plek van die Union Jack op die vlag toon dat Suid-Afrika se ontwikkeling nie deur die betekenis van die Union Jack in bande gelê is nie.

Die beskrywingspunt is daarop teruggetrek.

Daar bestaan weinig twyfel dat die republikeinse Afrikanerdom die Vierkleur (met die Oranje-baan) sal verkies bo die Van Riebeeck-vlag. Daar moet nie vergeet word nie dat die republikeinse beweging aanvanklik in verset gekom het teen die Hollandse gesag.

# DIE Boere Jeug

AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENSDAG, 27 SEPTEMBER 1950

*Vir ons Offisiere Verduidelik ons . . . .*

ONS BELEIDSPUNT NO. 3 *(Deel II)*

## Beroepsverteenwoordiging

Die Ossewabrandwag wil egter veel verder gaan as om net aan die beroepe in hul eie geledere vryer seggenskap te gee. Ons voel dat dit die volksbelang ook veel beter kan dien as die georganiseerde beroepe **direk in die staatstruktuur ingeskakel** word, direk in die wetgewing deur regstreekse verteenwoordiging en ook in die Rade of Korporasies, waarop die landsregering gevestig moet wees.

Laat ons eers die een aspek neem, wat ons insiens onvermydelik hierdie direkte verteenwoordiging moet bring; naamlik die partylose staat wat ons bepleit. As ons sê „Skaf die partye af!" dan sal die kritiese leser dadelik vra: „Maar wat gaan julle in die plek daarvan stel?" want die losse volksmassa kan tog geen regering daar stel nie; 'n regering moet op **organisasies** rus, anders kan hy nie regeer nie.

Vandag is daardie organisasies, waarop die regering rus, die partye — of in elk geval een party (in 1946, die Verenigde Party) — en as jy dit wegneem en ook die ander partye wegneem . . . . wat moet dan hul plek neem as die pilare waarop die staat moet rus?

**Die vraag is in elke opsig geregverdig.**

Ons antwoord dan: „Ons beself heeltemal dat die staat op organisasies moet rus, net soos 'n dak op muro of pilare moet rus. Hy kan immers nie in die lug rondsweef nie. En van daardie veronderstelling wil ook ons uitgaan.

Maar ons wil ook van die verdere feit uitgaan nl. dat (a) die partystelsel in elk geval uitheems is en dat ons vir 'n geruime tyd daarsonder klaar gekom het en (b) dat mens partye kan afskaf sonder dat die staat of die wêreld tot stilstand hoef te kom.

Inderdaad het ons die voorbeeld uit ons eie geskiedenis dat die twee sterkste partye waarmee ons die Unie van Suid-Afrika begin het, ontbind is en vandag nie meer bestaan nie. Beide die ou Suid-Afrikaanse Party van Genls. Botha, Hertzog, Smuts, mnre. F. S. Malan en Abraham Fischer en andere, asook die tweede sterkste party van destyds, die amptelike opposisie, of Unioniste Party onder dr. Thomas Smartt en mnr. Patrick Duncan het verdwyn. Selfs die ou Nasionale Party van 1914 — 1939 het verdwyn en moes plek maak vir die H.N.P. of V.P. van vandag.

Met ander woorde nie net KAN jy partye afskaf nie, maar ons volk HET al aldrie die historiese partye, waarmee ons hierdie staat begin het, afgeskaf.

**En tog het die son nog altyd in die ooste opgekom en in die weste ondergegaan, en die voëltjies het gesing en die boere het geploeg en die handel en die myne en die treine het voortgegaan!**

Met ander woorde . . . . wat ook al die nut en die deugde en die belangrikheid van die partye was, een ding staan proefondervindelik vas: **onmisbaar was hulle nie!**

Maar, sê die Ossewabrandwag, al is hierdie organisasies — die partye — nie onmisbaar nie, al kan jy hulle ook afskaf, daar is darem ander organisasies — naamlik die organiese beroepe en bedrywe — in elke volk **wat jy nie kan afskaf nie tensy die volk selfmoord pleeg.**

Kom ons neem een voorbeeld wat naby aan die Afrikanerhart lê: Partye kan jy wel afskaf, maar boere kan jy nie afskaf nie. Dit maak nie saak watter volk dit is nie; of dit die Afrikaanse of Duitse of Chinese of Hollanders of Hongaarse volk is nie, boere moet hy hê . . . of hy moet van honger omkom. Want die boere produseer die kos waarvan die volk moet leef.

Maar deur boerdery alleen kan die volk ook nie leef nie. Want hoe gaan die kos wat die boere produseer op die tafel van die mynwerker of die lokomotiefdrywer of onderwyser of wie ookal kom, as laasgenoemde dit nie kan koop nie; en nie op die plaas van daardie boer in die Karoo of in Ermelo koop nie, maar wel in die winkel of slaghuis in Kaapstad of Pretoria of waar ookal.

Met ander woorde, **nie net moet daar produsente wees nie maar daar moet ook die distribusie van hul produkte wees — daar moet ook handel wees.**

En hoe kan die boer kos produseer — mielies byvoorbeeld — as hy nie ploeë en egge en planters en ander gereedskap het nie? **Met ander woorde, daar moet ook nywerhede wees,** staal- en tekstiel- en leer- en meubelfabrieke en andere.

En dokters moet daar wees en regsadviseurs en — om die kinders vir die vereistes van die lewe te bekwaam — onderwysers en tegniese skole en baie ander beroepe.

En so kom ons tot die honderde van nerings en ambagte en professies en verdienstes wat vir die voortbestaan van elke volk noodsaaklik en onmisbaar is.

**Let wel: vir die voortbestaan van die volk self . . . en nie net vir die voortbestaan van die volksgenote wat in daardie professies of ambagte hul lewe verdien nie.**

In die voorafgaande het ons dan gesien:

(a) dat 'n staat op lewensnoodsaaklike organisasies moet steun, soos 'n dak op sy pilare, en

(b) dat ons staat in ons huidige stelsel wel op organisasies steun, maar dan op die wat kunsmatig en misbaar is, naamlik op een of ander party wat direk die staatsmasjien beheer, en

(c) dat daar wel ander organisasies in die staat is **waarvan die hele volkslewe direk afhanklik** is sowel as die persoonlike nering en brood en botter van die afsonderlike volksgenote, **maar dat hierdie onmisbare lewensnoodsaaklike magsorganisasies, die beroepe, in ons teenswoordige parlementêre stelsel hoegenaamd geen direkte seggenskap in die staat het nie.**

## Film Oor Monument

So 'n tydjie gelede het die Boerejeug in die Skiereiland die geleentheid gehad om die film te sien wat Jannie du Toit van ons geneem het met die inwyding van die Voortrekkermonument verlede jaar. Dit is nou wel nie 'n kunswerk nie — Jannie het te veel gebewe — maar was wonderlik om alles weer te sien. Plek-plek het die gevoelens van die outjies wat alles meegemaak het so hoog geloop, dat hulle sommer losgebars het in 'n luide toejuiging.

Behalwe dit het ons nog 'n ander goeie prent oor die Monument gesien, asook 'n opvoedkundige prent en 'n „cartoon". Eetgoed was volop waarvoor ons mev. Bredenkamp baie dankie sê. En danna byna die vernaamste was al die ou bekende gesigte wat ons weer daar gesien het bv. Gunter, Wittman en die ander Jannie du Toit, (M.R.B.). Ja, dit was oulik.

## Ons Kiekie-Album





**Boerejeug neem kranslegging waar tydens Heldedagviering op Potchefstroom.**

# BRIEWE-KOLOM

Beste Maats,

Hierdie week is hier weer 'n paar briefies van maats, sommige van wie ons goed ken en ander van wie ons baie hoor. Een van die maats het al op die 1ste Augustus geskryf en haar brief kom vandag eers in die Boerejeugblad. Waarom? Sy het dit na Kaapstad geaddresseer en dit neem gewoonlik 'n lang tyd voordat dit eers by die regte mense uitkom. In die vervolg kan julle die briewe stuur aan Pans Taljaard, Posbus 95, Stellenbosch.

Anna Coetzee van Kanoneiland kla dat die briewekolom en verjaardagketting te kort is en sy stuur 3 name vir laasgenoemde. Ja, die briewekolom hang van julle af — hoe meer julle skryf, hoe langer sal hy wees. Sy vertel hoe hulle in die vakansie gaan jag het naby Kuruman. En dan verlang sy sommer baie na die lekker ou kampsdae by die Voortrekkermonument. Laat ons gerus weet waar „Noordewind" dan nou is.

Sannie Gerber van George, 'n gereelde korrespondent, het ook weer van haar laat hoor en vertel van haar Penmaats. Dit was so amper, of sy het in die Paarl kom werk. Ons hoop jy skryf gou weer want ons geniet die lees van jou briewe baie.

So elke nou-en-dan in die „lewe" van die briewekolom gebeur daar iets wat ons sommer lekker laat voel. Die vernaamste hiervan is seker as ons die dag 'n brief van een van ons Pretoria-maats ontvang. Veldk. Piet v. d. Westhuizen van Gezina, Pretoria, skryf:

„Hiermee wil ek graag 'n paar besonderhede gee omtrent die O.B.-byeenkoms wat op 2 September gehou was. Ek sal dit waardeer as julle dit plaas sodat die ander kamerade kan weet dat hier in Pretoria nog harte is wat soos hulle s'n klop.

„Die Boerejeug was verantwoordelik vir die Ere-wag en vlagparade asook die speletjies en het hul dan ook goed van hul taak gekwyt. Genl. Van Rooy, die Jeugleier, het sy blydskap uitgespreek oor die optrede van die Boerejeug en gesê dat hy hoop dat Pretoria se veldkornetskap nog een van die voorlopers sal word.

„Die dag is verder deurgebring met skyfskiet, pannekoek eet en speletjies speel. Ons het die dag baie geniet en was weer gesterk in ons skone ideaal."

Nou ja, daar het julle vandeesweek se briewe. En julle outjies wat so verlang om weer op 'n kamp te kom sal seker maar bek-af voel om te weet dat ons eerskomende langnaweek hier in die Skiereiland 'n laertrek hou, nê? Toemaar, ons sien jul in Desember.

## VERJAARDAG-KETTING

**SEPTEMBER**

20 Heinie Malherbe, Franshoek.
21 Norman Vorster, Loxton.
Petronella Jooste, Loxton.
Bertie Koekemoer, Lamotte.
Johannes Nel, Oudtshoorn.
22 Hugo van Aarde, Malmesbury.
A. Harmse, Oudtshoorn.
23 Johanna le Roux, Bultfontein.
Karina du Plessis, Paarl.
Margot du Plessis, Paarl.
24 Marina Swanepoel, Beaufort-Wes.
Marianne Roux, Paarl.
25 Anna Marais, Loxton.
K. Matthee, Oudtshoorn.
26 Karel Pauw, Wellington.
Gideon Roux, Franshoek.
Fesia Weideman, Cradock.
27 Leonie Bronner, Vryburg.
Louis Hattingh, Frankfort.
28 Doris Fourie, Oudtshoorn.
Willem Pretorius, Frankfort.
29 Anneli Brink, Stellenbosch.
Petrus van der Westhuizen, Vryburg.
H. J. Lamprecht, Oudtshoorn.
Helena Jacobs, Vaalwater.
Elizabeth Kotze, Jeppe, Johannesburg.
30 Elizabeth van Rensburg, Kakamas.
Ernest van der Merwe, Paarl.
Hendrik Pretorius, Frankfort.
Dina Nortje, Koster.

**OKTOBER**

1 Hermanus Bezuidenhout, Potchefstroom.
2 Martha Engelbrecht, Groot Marico.
Anna van Wyk, Rustenburg.
Susara Coetzee, Bosbokrand.
Wilhelmina Swart, Potgietersrust.
3 Martha Fourie, Stutterheim.
Eleana du Toit, Paarl.
Maretha Retief, Wellington.
Sagarias Jacobs, Vaalwater.
Stephanus Venter, Groot Marico.
4 Dorothea Mynhardt, Vryburg.
Estelle von Wiellich, Paarl.
Petronella Wagener, Oudtshoorn.
Hitler Niemand, Oudtshoorn.
Louisa van Wyk, Rustenburg, Tvl.
5 Nancy van Zyl, Paarl.
Inez Eksteen, Franshoek.
6 Jacobus Kuhn, Robertson.
7 Francois Joubert, Parys, Hugenoot.
Betsie Pretorius, Rustenburg.
9 Gabriel van Wyk, Paarl.
Catharina Manning, Middelburg, Tvl.
10 Anna Burger, Brandvlei.
Gert Thysse, Oudtshoorn.

## Skiereiland Se Afdelings Hou Laertrek

Ai, môre, oormôre, het ons alweer vakansie. Hoe lekker, nê. Tien lekker dae waarin ons niks hoef te doen nie, of hoe.

Die Skiereiland se Boerejeug gaan weer laertrek en ons wil julle almal wat naby genoeg woon, uitnooi om saam te gaan. Maar julle wil natuurlik weet

**Wanneer?** Die langnaweek, 29 September tot 2 Oktober.

**Waar?** Op die plaas van mnr. J. A. Duminy, Loevenstein, Bellville. Julle ry regop met Lincolnweg (loop reghoekig met die Hoofweg oorkant die Bellvillese-sportgronde) tot bo dwarsoor die brug wat oor die nuwe Nasionalepad gaan, waar 'n padteken die roete verder sal aandui. Bellville is die naaste stasie.

**Wat daar maak?** 'n Aangename naweek van buitelug, pret, arbeid (o, die potte skuur), ontspanning en natuurlik **kampvuur.**

**Benodigdhede?**
Kampklere vir 3 dae.
Uniform — indien jy het.
Toiletbenodigdhede.
Skoenwaks en borsel.
Beddegoed.
Eetgereedskap.
**Musiekinstrumente.**
1 of 2 lb. vleis of wors.
3/- Laerfooi.

As julle wil kom, laat ons asseblief dadelik by Posbus 3471, Kaapstad, weet, of nog beter, bel dadelik Kaapstad 30881.

Ons nooi natuurlik besoekers hartlik uit na ons kampvure, veral die Saterdagaand. Kom geniet saam met ons.


# O.B. JAARGANGE

**JAARGANGE 1947-48 — JAARGANGE 1948-49**

**Nou verkrygbaar teen £1 5s. elk. Posgeld ingesluit.**

***VOORRAAD BEPERK***

**BESTEL DUS DADELIK BY:**

**VOORSLAG (EDMS.) BPK.**

**Groote Kerk-gebou 703 — Kaapstad**

# DR. MALAN REIK HAND AAN ENGELSSPREKENDES

**Dr. D. F. Malan het verlede week by geleentheid van sy party-kongres in Durban 'n toespraak gerig aan die adres van die Engelssprekendes wat in meer as een opsig van buitengewone belang is. Hy het beklemtoon dat sekere verskilpunte van die verlede verouderd geraak het en dat op grond daarvan eenheid sonder rassehaat in Suid-Afrika moontlik geword het.**

**Dr. Malan het gesê dat daar vasberade gestreef moet word tot die konsolidering van die blanke rasse tot 'n nasionale eenheid op die grondslag van gelyke regte en volle deelgenootskap in ons eie Suid-Afrikaanse nasieskap.**

Die twee volke-groepe wat in Suid-Afrika saamgegooi is, het baie in gemeen, soos hul Wes-Europese afkoms en hul liefde vir demokratiese instellinge. Wat die geskiedenis se invloed ten opsigte van nasionale eenheid betref, sou spr. pessimisties wees as die enigste weg waarlangs dit bereik kan word dié is van bedek en vergeet. Maar ons het genoeg gevorder om van bo te kan neerkyk en dan merk ons dat Engelse wat die veroweringsdade die heftigste afgekeur het, later eerste ministers geword het. Die Boerevolk weer is deur die verowering in staat gestel om hul man te staan en daardeur 'n merkwaardige aandeel te neem in die ontwikkeling van die land. Die Afrikaanssprekendes het geen reg om hul Engelssprekende mede-burgers te verwyt vir dade waarvoor die huidige geslag nie verantwoordelik is nie, en omgekeerd het die Engelssprekendes veel minder rede om hulle te vereenselwig met die gees wat tot die Tweede Vryheidsoorlog gelei het waar Groot-Brittanje self dit so treffend verwerp het nie.

**„DOOIE VERLEDE"**

**„Die verlede kan sekerlik heldedade en lesse bevat wat ons slegs tot ons skade en geestelike verlies kan ignoreer of vergeet, maar origens kan dit wel aan die dooie verlede gelaat word om sy dooies te begrawe.** En waar die toekoms roep, laat ons aan alle kante volg."

Vervolgens het dr. Malan verwys na die vordering wat daar gemaak is om die gapende kloof tussen imperialisme en nasionalisme te oorbrug, en in hierdie opsig is dit opmerklik dat die dinge wat van nasionale kant bereik is teen sterk teenstand, uiteindelik algemeen aanvaar is. Die rasseverhoudings word versteur deur stories oor duistere rasse-bedoelings. **Daar bestaan 'n besliste neiging om die partypolitieke stryd terug te werp op rassegronde, „en met geen ander doel nie as party-voordeel".** In die politieke geskiedenis van die land het dit byna tradisie geword dat die een party die ander beskuldig van rassehaat. Dit is een van die dodelikste wapens in die party-politieke stryd. Op die wyse word die sterwende kole van rassehaat lewend gehou.

**NIE ANTI-BRITS**

Dr. Malan het hierop die nasionale stryd verdedig teen die beskuldiging van rassehaat en ondermeer gesê dat dit nie rassehaat is om „tot die volste mate Suid-Afrika se konstitusionele vryheid en onafhanklikheid te bevorder nie, selfs wanneer dit — soos die geval is — die verslapping of die verdwyning van vroeëre konstitusionele bande met Brittanje impliseer, mits die motief van aard en bedoeling breed Suid-Afrikaans is en nie in sigself anti-Brits of gerig teen Engelsspredende Suid-Afrikaners as sodanig nie."

**VERSOEN MET STATEBOND**

Met verwysing na die republikeinse strewe het dr. Malan gesê dat die spoke van anti-Britseheid en isolasie dood is, nou dat die twee blanke rasse in die volgende oorlog bymekaar sal staan. **Verder is republikanisme as gevolg van die Londense Deklarasie van April verlede jaar ontdoen van elke vlek van anti-Brits gevoel. „Dit kan nou gesien word aan die een kant as heeltemal versoenbaar met lidmaatskap van die Statebond, soos dit aan die ander kant volkome soewereine onafhanklikheid veronderstel."** Maar die Nasionale Party se gegewe en geskrewe woord staan onveranderd en onveranderlik dat 'n republiek nie op die land afgedwing sal word nie. „Dit kan en sal alleen geskied as dit gegrond is op die breë volkswil en op taal- en politieke gelykheid vir albei seksies, en voorts as gevolg van 'n spesiale mandaat van die volk."

Ten besluite het dr. Malan gesê dat hoewel daar altyd in Suid-Afrika, soos in alle ander demokratiese lande, verskillende politieke partye sal wees, gegrond op verskillende beginsels en beleide, ons gemeenskaplik en vasberade moet probeer om die twee blanke rasse saam te snoer tot 'n breë nasionale eenheid waaruit rassehaat as sodanig verban sal wees.

## Britse Oogmerk In Afrika

„Geen leerstelling van rassemeerwaardigheid het enige plek binne die Britse koloniale politiek", het die Britse minister van koloniale sake, James Griffiths, verlede week in Londen gesê.

**Hy het daaraan toegevoeg dat dit die Britse beleid is om die Empire te omskep in 'n vennootskap van selfregerende volke binne die Britse Statebond** en dat die vernaamste oogmerk is om die volke voor te berei vir die selfbestuur. „Onder volk bedoel ek nie net immigrante-organisasies nie, maar ook die naturelle wat nog politieke ondervinding moet opdoen."

## Reaksies Op Toespraak

Reaksies op dr. Malan se toespraak was uiteenlopend. Mnr. J. G. N. Strauss, parlementêre leier van die Verenigde Party, het verklaar: **„Ons het 'n heeltemal nuwe dr. Malan gesien. Uiteindelik het hy die lig gesien wat genl. Botha, genl. Hertzog en genl. Smuts baie jare voor hom gesien het.** Dit is jammer dat dr. Malan nie van vorige geleenthede gebruik gemaak het om vir nasionale eenheid te werk nie in plaas van eenkant te staan. Dit is jammer dat hy nie die lig in 1933 en 1939 al gesien het nie.

„Ons onthou dat hy in 1941 gesê het dat hy nie sy ideale sal laat vaar terwille van samewerking nie — sy ideaal was die daarstelling van 'n Boerenasie-republiek. Vandag gooi hy flikkers vir die Natalse kiesers, maar laat ons nie vergeet nie dat genl. Hertzog die Nasionale Party verlaat het omdat hy nie met dr. Malan kon saamstem oor die kwessie van gelyke regte vir albei die bevolkingsgroepe nie."

Hierteenoor het die H.N.P.-blaaie berig van die goeie indruk wat die toespraak op die Engelssprekendes gemaak het en van bedankings uit die Verenigde Party. Een van hulle is mnr. A. R. Bauristhene, 'n aspirantkandidaat van die V.P. in die Turffonteinse tussenverkiesing, wat verklaar dat dr. Malan se toespraak hom tot nuwe insigte gebring het.

## Staat Voorsien Geld Vir Petrolfabriek

Die regering het aangekondig dat die staat die finansiering van die eerste maatskappy wat olie en petrol uit steenkool vervaardig tot 'n bedrag van £13,000,000 sal voorsien. Die besturende direkteur van die nuwe maatskappy is mnr. P. E. Rousseau en die voorlopige lede van die direksie is mnr. F. J. du Toit (voorsitter), dr. H. J. van Eck, dr. M. S. Louw en mnr. A. Faickney.

Die staat sal altyd die beheer behou deur aanwysing van die meerderheid direkteure.

Vier jaar gelede is die vervaardiging van petrol aan 'n private onderneming vergun, maar daar is nog nie veel gevorder nie.

## Beter Middels Volg Mekaar Snel Op

Daar word nog steeds vordering gemaak met die ontdekking van nuwe wondermiddels op die spoor van penicillin. Nadat dr. S. A. Waksman van Amerika die kragtiger streptomycin ontdek het vir die behandeling van tering, het hy so pas 'n nuwe middel, neomycin, aangekondig wat glo nog doeltreffender teen die tuberkulose-kiem aangewend kan word, veral omdat dit, volgens hy beweer, minder nadelige gevolge vir die pasiënt het.

Inmiddels word uit Chicago berig dat 'n nuwe middel „plumericin" uit 'n tropiese blomplant ontwikkel is wat doeltreffend is vir die bestryding van verskillende soorte swamme sowel as sekere bakterieë waaronder 'n soort tuberkulose.

'n Ander middel teen tuberkulose, viomycin, wat reeds besonder goeie resultate in proefnemings met muise gelewer het, word tans op mense getoets en sal na verwag word, binne enkele maande op die mark geplaas word. Dit is afkomstig uit 'n grondneerslag in Cuba, en kan vir veel meer soorte siektes aangewend word as enige van die ander middels van hierdie aard.

§ „DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

## Spanje Is Weste Jare Vooruit Sê Franco

**Nie Spanje is uit pas met sy buitelandse beleid nie, maar die ander Westerse lande is ver agter Spanje en sal hom nog eers moet inhaal, is die antwoord van genl. Franco op die druk wat die afgelope jare op hom uitgeoefen is om „toegewings" te maak sodat Spanje opgeneem kan word in die Westerse verdedigingstelsel.**

In 'n persverklaring het genl. Franco gesê dat Spanje die vesting is van Europa, en dat hierdie vesting soveel sterker is weens die eenheid van sy volk en sy onwankelbare vasberadenheid om sy geloof, sy vryheid en sy tradisies te verdedig. Spanje se buitelandse beleid is sy tyd etlike jare vooruit, en hy moet tans wag dat die ander hom inhaal voordat hulle weer gelyk sal wees.

**Hoewel Spanje die Westerse besef van die Kommunistiese gevaar deel, voel hy baie skepties teenoor die politieke en maatskaplike idees wat die Weste wil verdedig. Die Britse Arbeidersparty se droom om Europa as 'n Sosialsitiese Empire te verenig met sy hoofkwartier in Londen, beskou die Spanjaarde gelyk met Stalin se Kommunisme met hoofkwartier in Moskou.**


**VERLORE POLIS**

SUID-AFRIKAANSE ONDERLINGE LEVENSVERZEKERING GENOOTSCHAP.

Mutual-gebou, Darlingstraat, Kaapstad.

Polis No. 396899 vir £300 gedateer 14/9/1939 op die lewens van en die eiendom van JACOB WYBRAND HUISAMEN en MARIA MAGARETHA H. HUISAMEN.

Polis No. 351071 vir £200 gedateer 8/7/1937 en Polis No. 672933 vir £200 gedateer 17/3/1949 op die lewe van en die eiendom van JACOB WYBRAND HUISAMEN.

Kennisgewing geskied hiermee dat bewys van die verlies of vernietiging van die polisse aan die Genootskap gelewer is, en enige persoon wat die polisse besit of op enige belang daarin aanspraak maak, moet asseblief dadelik per geregistreerde pos die Genootskap daarvan meedeel. Indien geen sodanige mededeling ontvang word nie, sal gesertifiseerde afskrifte van die polisse (wat die enigste bewys van die kontrakte sal wees) aan die eienaar uitgereik word.

T. A. MURRAY,
Hoofbestuurder.






[CCP-1] KURK OF GEWOON

In naam en tradisie 'n eg Suid-Afrikaanse sigaret

10 vir 6d. 20 vir 1/- 50 vir 2/4



*Belê veilig en voordelig*

**4½%** *op onbepaalde termynaandele*

**4%** *subskripsie - aandele*

*Betaalbaar uit beskikbare winste*

Vaste deposito's tot 3¾%
Spaarrekeninge - - 2½%
op daaglikse saldos

Kom spreek ons by ons naaste kantoor of skryf om ons gratis brosjure wat u alle inligting sal verstrek.

**SAAMBOU**
(*PERMANENTE*)
**BOUVERENIGING**

Hoofkantoor: SANLAM-GEBOU WAALSTR., KAAPSTAD.
Ook te: Bellville, Bloemfontein en Pretoria.

BATE OORSKRY £1.800,000